

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 1: 1-15

**Tema :** Waar Begin dit? Jesus se verhaal, my en jou storie?

### BROODJIES VIR DIE PAD

“Description begins in the writer’s imagination, but should finish in the reader’s.”

— Stephen King, *On Writing: A Memoir of the Craft*

“I don't feel that it is necessary to know exactly what I am. The main interest in life and work is to become someone else that you were not in the beginning.”

— Michel Foucault

“If anyone on the verge of action should judge himself according to the outcome, he would never begin.”

— Søren Kierkegaard, *Fear and Trembling*

“There is divine beauty in learning... To learn means to accept the postulate that life did not begin at my birth. Others have been here before me, and I walk in their footsteps. The books I have read were composed by generations of fathers and sons, mothers and daughters, teachers and disciples. I am the sum total of their experiences, their quests. And so are you.”

— Elie Wiesel

“Until you make the unconscious conscious, it will direct your life and you will call it fate.”

— C.G. Jung

“We all come into existence as a single cell, smaller than a speck of dust. Much smaller. Divide. Multiply. Add and subtract. Matter changes hands, atoms flow in and out, molecules pivot, proteins stitch together, mitochondria send out their oxidative dictates; we begin as a microscopic electrical swarm. The lungs the brain the heart. Forty weeks later, six trillion cells get crushed in the vise of our mother’s birth canal and we howl. Then the world starts in on us.”

— Anthony Doerr, *All the Light We Cannot See*

“Youth ends when egotism does; maturity begins when one lives for others.”

— Hermann Hesse, *Gertrude*

“The really important kind of freedom involves attention, and awareness, and discipline, and effort, and being able truly to care about other people and to sacrifice for them, over and over, in myriad petty little unsexy ways, every day.”

— David Foster Wallace, *This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life*

“These things will destroy the human race: politics without principle, progress without compassion, wealth without work, learning without silence, religion without fearlessness, and worship without awareness.”

— Anthony de Mello

“The most common ego identifications have to do with possessions, the work you do, social status and recognition, knowledge and education, physical appearance, special abilities, relationships, person and family history, belief systems, and often nationalistic, racial, religious, and other collective identifications. None of these is you.”

— Eckhart Tolle

“An average human looks without seeing, listens without hearing, touches without feeling, eats without tasting, moves without physical awareness, inhales without awareness of odour or fragrance, and talks without thinking.”

— Leonardo da Vinci

I always get the feeling as I read the opening verses of the Gospel of Mark that he is in a terrible rush, that he can't wait to reach the place where he feels the Gospel really begins. He says absolutely nothing about how Jesus was born. He gets through the baptism in no time flat. He barely mentions the temptation in the wilderness. And only then, after racing through those first fourteen verses, does he get where he seems to have been racing to—the real beginning as he sees it—and that is the opening words of Jesus himself. Up to that point it has all gone so fast that hardly anybody except John the Baptist knows who Jesus really is yet, just as it might be said that most of the time hardly any of us knows who Jesus really is yet either.-

Frederick Buechner-Mark1 :1-15

## Anton van Niekerk: Konteks bly aan tekste verweef

Hoe lees ons die Bybel? Namate die debat in die NG Kerk oor verskeie kwessies al hoe meer aandag trek, is dit toenemend duidelik dat dié vraag die sentrale een is wat die geeste besig behoort te hou.

Dit gaan, soos voorheen aangedui, oor 'n toereikende hermeneutiek – 'n afdoende teorie van interpretasie. Dit het te make met die vraagstuk: “Wat beteken dit om te beteken?” wat nie slegs in die teologie belangrik is nie, maar in alle kontekste waarin (enige) tekste gelees en alle kulturele uitdrukkings tot stand kom.

My vroeëre punt was dat 'n sentrale verskil tussen Islam en Christendom die feit is dat die Koran vir Moslems absolute gesag dra wat voorspruit uit 'n absoluut letterlike interpretasie van die teks. Dit is nie, en was ook nog nooit, die posisie in die Christendom nie.

Christene het wel tussentydse ooreenkomste (soos die Heidelbergse Kategismus) wat veel gesag dra in die kerk. Maar hul gesag is nie absoluut nie; wat via hierdie akkoorde van die Bybel verstaan word, kan verander.

Kyk byvoorbeeld na die verskuiwing in die laaste dekades oor die posisie van die vrou in die amp. 'n Sentrale insig van die hedendaagse hermeneutiek is die besef dat 'n mens 'n teks, veral as dit oorspronklik geskryf is in 'n (vir ons) vreemde kultuurkonteks, nie na behore kan verstaan as jy die beduidenis van daardie teks nie op jouself en/of die gemeenskap waarin jy leef, kan toepas nie.

Waarom, byvoorbeeld, kom die belydenis dat “die regverdige slegs deur die geloof lewe en nie deur die werke van die wet nie” drie keer in die Bybel voor en tog word die beduidenis daarvan eers na behore besef in die 16de eeu via die Lutheraanse hervorming? Die antwoord? Omdat Luther se eietydse omstandighede (aflaatstelsel!) sy oë as 't ware vir die eerste keer vir die beduidenis van daardie teks “oopgemaak” het. Ons moet daarom versigtig wees om te gou te vol selfvertroue te wees oor “wat (regtig!) in die Bybel staan”. Só wys die Engelse denker Maurice Wiles op 'n gans ander moontlike interpretasie van Mattheus 25: 35-40. Ons ken die teks: in die Laaste Oordeel, sê Jesus “Ek was honger, en julle het my gevoed . . .”. Die dissipels vra stomverbaas: “Wanneer het ons u gevoed?” Jesus antwoord: “Vir soverre julle dit gedoen het aan die geringstes van hierdie broers van my, het julle dit aan my gedoen.”

Dié teks is tradisioneel geïnterpreteer as 'n waarskuwing aan die Kerk oor die (noodlydende) wêreld; “wees goed vir die geringstes . . .” “Verkeerd!” sê Wiles. Die teks is eerder 'n waarskuwing aan die wêreld teenoor die kerk! Luister wat Jesus sê: “Vir soverre julle dit gedoen het aan die geringstes van my broers . . .” Wie is “Jesus se broers”?

Niemand minder nie as sy dissipels wat sit en luister. Jesus vra hier nie vir die dissipels om goed te wees vir die wêreld nie (hoe lydend ook al).

Hy sê vir die (ook lydende) wêreld om goed te wees vir die dissipels, die Kerk – “hierdie broers van my”!

Die Bybel, soos ek reeds voorheen uitgewys het, “spreek nie vanself” nie. Daarom is daar nie slegs een onbetwyfelbare interpretasie wat almal kritiekloos hoef te aanvaar nie. Die Bybel kan wel die gesaghebbende getuïenisse oor die “groot dae van God” bevat soos die Nederlandse teoloog Herman Bavinck daarna verwys het. Dit moet egter steeds geïnterpreteer word.

Ook die twee gesaghebbendste figure in die Bybel, Jesus en Paulus, interpreteer die Skrifte voortdurend. Jesus laat mense die sabbat anders verstaan. Paulus herinterpreteer die besnydenis. Dit maak wat hulle skryf, nie minder “Bybel” nie.

• *Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

## BROOD VIR DIE PAD

### Geestelike waardes: Konstante mense om ons is soos vuurtorings

‘Vuurtorens, die konstante factor,’ lui die opskrif van een van die hoofstukke in die Franse filosoof Laurence Devillairs se boek wat in Nederlands vertaal as Een kleine filosofie van de zee verskyn het. Devillairs onderstreep deurgaans in haar boek die gedagte dat die see weerstand bied teen pogings om dit te tem en te verower. Seevaarders kan daarvan getuig. In 'n poging om nie deur die onstuimigheid en onvoorspelbaarheid van die see verswelg of vernietig te word nie het mense vuurtorings aan die kus aangebring. Met hul hoogte en kenmerkende wit-en-rooi kleure dien dié torings as betroubare bakens en uitkykpunte wat beskerming teen skipbreuk kan bied. Devillairs skryf oor bekende vuurtorings soos dié van

Alexandrië wat op die eiland Pharos gebou is en as een van die sewe wonders van die antieke wêreld beskou word.

Maar Devillairs besin ook oor hoe ons in die lewe ook vuurtorings nodig het, veral in stormagtige en onseker tye. Hoe sou 'n lysie van ons vuurtorings lyk? Ons sou sulke bakens met ons geloof kon verbind. Of met 'n uitsonderlike ervaring. Ons sou ook aan spesifieke mense kon dink, dalk 'n familielid of vriend, wat soos 'n vuurtoring 'n konstante faktor in ons lewe is. In sy nadenke oor die morele lewe benadruk die Amerikaanse teoloog Stanley Hauerwas dikwels die belangrikheid van die deug van konstantheid.

Konstantheid beteken dat daar te midde van veranderings kontinuïteit in ons karakter is, dat mense op ons kan reken, dat ons ons beloftes nakom. Devillairs sluit haar hoofstuk af met 'n oproep dat ons bewustelik die vuurtorings sal karteer wat 'n konstante faktor in ons lewe is, aangesien sulke vuurtorings as ankerpunt in moeilike tye vir ons hoop en moed gee. Daarby kan ons voeg dat ons tereg dankbaar kan wees vir die mense om ons waarop ons vanweë hul konstantheid en standvastigheid altyd kan peil trek.

Konstantheid – ook as 'n Christelike deug – moet egter nie verwar word met 'n onwrikbaarheid wat nie oop vir verandering is nie. Dit word deur die liefde beweeg. Hauerwas wys daarop dat diegene wat konstantheid uitleef juis weet van jammer sê en vergifnis ontvang.

Hy lei een van sy artikels oor konstantheid in met 'n aanhaling uit George Eliot se roman Middlemarch: “ ‘Character is not cut in marble; it is not something solid and unalterable. It is something living and changing, and may become diseased as our bodies do,’ said Mr. Farebrother.

‘Then it may be rescued and healed,’ said Dorothea.” – RRV

[wynandqnel@outlook.com](mailto:wynandqnel@outlook.com) 082 901 5877